# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging
# Letaba Tak

***Posbus 1989 Tzaneen 0850***

***Voorsitter*** *(André le Grange) Tel: 082-322 5388* ***Ondervoorsitter Admin*** *(Dawie van Vuuren) Tel: 083-454 5391*

***Sekretaris*** *(Renier vd Merwe): Tel: 082-410 0599* ***Ondervoorsitter* Opleiding** *(Carel Buitendag) Tel: 082-551 8114*

**e-mail :** reniervdm@polka.co.za **Tesourier** *(Cor Olivier) : Tel: 083-424 6580*

**Sekretaresse** : Gerda Esterhuizen 015-3062307 **e-mail** : dawie.vanvuuren@brokers.absa.co.za


---

## Notule van die bestuursvergadering op 07 Augustus 2008

**1. Opening en verwelkoming:**

Die vergadering word deur Walt met gebed geopen. Andre le Grange verwelkom almal teenwoordig by die vergadering.

**2. Doelstellings:**

Die doelstellings is permanent in die klubhuis opgesit. Word nie voorgelees nie.

**3. Lief en Leed:**

Carel Buitendag se pa is nog baie siek, sterkte word hom toegewens. Cornel gaan Pa word. Hy word geluk gewens.

**4. Teenwoordig:**

Bestuur:

| | |
|---|---|
| G Fourie | Rob du Plessis |
| W Katzke | H Botha |
| R van der Merwe | J Ehlers |
| P Robinson | A Fleischmann |
| I Iveson | D van Vuuren |
| H Botha | V Osmers |
| M van Rensburg | A le Grange |
| C Buitendag | |

Lede:

| | |
|---|---|
| D van der Lith | J de Beer |
| Z Pohl | C Steyn |
| J Ellis | W Horak |
| A Fourie | J Verster |
| J Haar | W Jacobsz |
| M Koch | |
| J Norval | |
| D Nel | |

**5. Verskonings:**

Bestuur:

| | | |
|---|---|---|
| Chris de Wet | Cor Olivier | Aubrey Engelbrecht |
| Abel Botha | Johnny Rech | |
| Annie Botha | Ivan Steyn | |
| Mike Gamba | Karl Osmers | |

**6. Vorige notule:**

**6.1. Sake voortspruitend uit die vorige notule:**

**6.1.1.** Versekering kwotasies is deur Dawie verkry. Daar word besluit om met Koos Smit te praat om te reel vir 'n alarm stelsel en moontlike versekerings dekking in ruil vir skietbaan gebruik deur Northern Security se personeel.

**6.2. Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**

Die vorige notule word aanvaar en goedgekeur.

**7. Vastelling van die agenda:**

Agenda word aanvaar met verdere bespreking onder hoofpunte.

**8. Finansies & Administrasie:**

8.1 Tjek rekening

Saldo: 07/08/2008 R 47 000.00

Spaar Rekening:

Saldo: 07/08/2008 R 3 600.00

Call Account (Jag Pakkette)

Die jagpakket projek het 'n wins van R20 699.00 opgelewer.

8.2 Daar word besluit om die lopende fondse in die Call account te hanteer om soveel moontlik rente te verdien en dan slegs operasionele fondse na die tjek rekening oor te plaas.

8.4 Fondse rondom die skiettafel opgraderingsprojek word bespreek. Spesiale dank aan Letaba Brick Yard vir al die skenkings van sand, stene, plaveiselstene ens. tot op hede verskaf.

8.5 'n Stootskraper is beskikbaar om te huur vir die verlenging van die skietwal tussen die handwapen baan en die 100m baan. Goedgekeur

8.6 Uitstaande ledegelde moet opgevolg word deur die ge-allokeerde bestuurslede. Opvolg werk moet voor einde Augustus voltooi wees.

**9. Nuwe Lede en Toegewyde Jagters:**

Die volgende nuwe lede word voorgestel en goedgekeur:

I.J Venter
D.M Malan
Marius Kock
Riaan Venter
G.M Henning
Zantie Pohl
ACG Fourie

Die volgende toegwyde jagters aansoek word goedgekeur:

Jeans Ellis
Wicus van der Merwe

**10. Klubhuis & skietbaan gronde:**

**10.1. Arbeid**

Andre onderneem om ‘n standaard engelse dienskontrak vir Brown te laat opstel.

**10.2. Klubhuis:**

Chris en Andre sal reel om die verf vir die klubhuis by Paintpot af te haal soos reeds goedgekeur.

**10.3 Skietbaan:**

Die permanente skiettafels nader voltooiing. Spesiale dank aan Giam vir sy toesig en reelings asook aan Letaba Brick Yard vir skenkings.

**10.4. Kroeg**

‘n Bespreking word met Giam Fourie gehou rakende sy voorstel om die kroeg as ‘n privaat entiteit te bestuur. Daar word besluit dat ‘n ooreenkoms aangegaan sal word met Giam om die kroeg op ‘n 50/50 aandeelhouding tussen die BJV en homself daar te stel. Kostes en winste sal dan gelykmatig gedeel word, met die BJV winste wat meestal vir verbeterings in en rondom die klubhuis aangewend sal word. Andre en Dawie sal met Giam hieroor verder kommunikeer.

**11. Skietdae:**

11.1 Die Ghong skietdag word verskuif na 6 September 2008. Alwin Fleischmann is in beheer van die reelings.

**12. Opleiding:**

12.1 Boetlap Pohl het aangebied dat junior kursusse op sy plaas kan geskied. Die fondse wat by die kursusse ingevorder word moet net op die ontwikkeling van ‘n boskamp aangewend word. Word so goedgekeur.

12.2 Die volgende Junior 2 kursus word by Boetlap Pohl aangebied vanaf 14 -17 Augustus.

12.3 Die volgende senior kursus word gehou vanaf 25 – 27 Augustus.

12.4 Alle instrukteurs moet nou by TEDA ge-akkrediteer word as ‘n assessor.

**13. Kleiduif:**

Geen

**14. Boogjag:**

Geen

**15. Handwapenjag:**

Geen

**16. Buskruit:**

Geen

**17. Windbuks:**

Geen

**18. Jaggeleenthede:**

Geen

**19. Redaktrise / publikasies / pers:**

Geen

**19.1. Internet:**

Hardeware kan teen R3200 aangekoop word om internet beskikbaar te maak by die klubhuis. Procom het onderneem om die BJV op die basis van die jaarlikse kostes vry te skeld. BJV e-pos adresse kan ook verkry word teen R120 per jaar. Goedgekeur.

**20. Uitvoerende vergadering:**

Geen

**21 Fondsinsamelings**

Met die voltooiing van die skiettafels moet gepoog word om elke tafel te “verkoop” teen R1000 elk. Die borg kan dan hierop adverteer. Die format en grootte van advertensie bord sal voorgeskryf word. Daar word besluit dat Letaba Brick Yard en Dombo, Du Plessis en Vennote elk ‘n gratis tafel kan kry vir hul dienste gelewer met bouery.

**22. Beskikbare Vuurwapens**

Sien BJV Winkel op webblad.

**23. Algemeen:**

23.1 Alle lede word gevra om solank te begin dink aan disse vir die wildsete. Almal wat wildsvleis het om te skenk word gevra om dit solank eenkant te hou. Veral die meer vreemde spesies.

23.2 Nominasies vir die nuwe bestuur moet aan Renier gestuur word. Andre le Grange dui aan dat hy nie meer beskikbaar sal wees as Voorsitter nie.

**23. Volgende vergadering:**

Bestuursvergadering: 4 September 2008

**LYS VAN TOEKOMSTIGE PROJEKTE**

Die volgende lys sal bygehou word om toekomstige projekte te beplan en te prioritiseer:

1. Aanbou van teiken stoor – Lang termyn
2. Verbetering van skietbaan walle en uitgrawing van langshellings – In wording
3. Kamp terrain met ablusies